# Amatola 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Ooskaap | **DATUM:** | 18-24 September 2021 |

## KOMMENTAAR

Die Amatola-roete – wat tussen die Maden Dam buite King Williams Town en Hogsback loop – word die moeilikste 6-dag roete met oornaghutte in die land genoem. Die bord by die eindpunt sê: "Congratulations! You have just completed the Amatola Trail, 106 kms, 6 days. South Africa's toughest hike!" Die bord sê die waarheid. So vertrek 11 van ons op 16 September uit die Kaap om via Jeffreysbaai se backpackers twee dae later by Hogsback in die Oos-Kaap uit te kom. Dit was omtrent 'n gepakkery, want ons moes inpak vir die "road trip" en vir die stap, en in ag neem dat daar vir ons kos en voorraad aan die einde van dag 2 en dag 5 afgelewer word. Ons basis by Hogsback was Away with the Fairies, die backpackers-kompleks wat deur Dan Cornick bestuur word. Dan bestuur ook die Amatola-roete in samewerking met die Departement Bosbou en Visserye in die Oos-Kaap. Dan het ons laatmiddag almal bymekaar geroep vir die "briefing", wat ons almal met groot oë aangeluister het. Die volgende oggend na ontbyt word ons almal in 'n groot 4x4 trok gelaai vir 'n rit van amper 2 uur tot by die beginpunt. Ons is 'n mengsel van opgewonde, onseker, bang en gewillig. Ons sien immers al 2 jaar uit na die stap. Na 'n klompie foto's by die beginpunt val ons in pad, met Abrie as ons stapleier (en spinnerakverwyderaar). Die roete begin platterig deur mooi woude en klim dan geleidelik vir die res van die dag. Volgens die roetebeskrywing is Dag 1 die kortste, Dag 2 die langste (20 km) en Dag 3 die moeilikste, maar terugskouend was al die dae lank en taai. Ons het elke oggend 04:30 opgestaan om 06:00 te begin stap sodra dit lig is. Die gemiddelde stapspoed word aangegee as 2 kilometer per uur. Wat 'n mens se spoed afbring is die versigtig trap, want daar is 'n laag "scariness" ook oor lang dele van die roete. Dit is of glad (modder, blare, dennenaalde, boomwortels of los klippies), of teen 'n helling waar jy kan afgly, of baie klipperig of rotsagtig. Die roete het van ons gevra om kop te hou, versigtig te loop, en as 'n groep saam te stap en na mekaar om te sien. Daar is heelwat rivierkruisings, omgevalde bome waaroor jy moes klim, of rotse waar jy op jou sitvlak moes afgly. Daar is baie beskermengele wat diens doen op die roete. Terselfdertyd is dit een van die mooiste roetes wat ons nog gestap het. Ons het ons verwonder aan die watervalle, en die grootsheid van die uitsigte (die Amatola-berge is deel van die Drakensberge). Dit was lekker om te kon uitsien na "nuwe kos" aan die einde van dag 2 en dag 5. Dit was lekker as die donkies by die hutte gewerk het en ons kon warm water kry. Party van die hutte was in 'n beter toestand as ander. Dan Cornick gee regtig om vir die roete en hy doen sy bes, maar die roete is jare laas ordentlik opgeknap. Ons wens iemand wil vir Dan 'n paar miljoen rand en 'n span ingeneurs gee wat die roete ordentlik kan opknap en beveilig. Die laaste dag het twee opsies: deur die watervalwoud of die kortpad, en dan bo-oor Hog 1 (1840m) of onderlangs. Ons is dapper en kies die watervalwoud én die piek. Ons is dan nou hier. Wat 'n ongelooflike mooi dag was dit nie. Toe ons 12 uur later by die "Congratulations"-bord by die eindpunt aankom, was dit 'n groot oomblik vir ons almal. Voor die stap het ons grootbek gesê ons stap sommer die 4 km terug Hogsback toe, of nee, ons stap deur nog 'n stuk woud en gaan swem eers by 'n waterval. Ons stuur toe maar vir Dan 'n "pin drop" en sê "Bring die trok en kom haal ons asb!" Ons was die aand dankbaar vir lekker kos, warm storte en skoon beddens by die backpackers. Ná die stap het ons almal het vir omtrent 'n week lank gesukkel om ons koppe uit die berge te kry. 'n GROOT dankie aan Abrie Marais wat die stap gelei het, aan Dale Adams wat die agterstapper was, en aan Werner Booyens en Dale wat altyd daar was om te help. Dankie aan die advieskomitee (Amanda, Abrie, Brenda en Werner) vir die reëlings. Dankie aan Delfie wat help uitkyk het vir die merkers. Elke stapper het op die een of ander manier bygedra. Die roete sal ons lank bybly. Totale klimhoogte: 4900 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Abrie Marais | 2021074 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Janco Kotze | 2021098 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Amanda Matthee | 2021040 | R 30 | 95 | 15 + 20 + 21 + 16 + 7 + 16 |
| Esther Warnich | 2021076 | R 30 | 95 | 15 + 20 + 21 + 16 + 7 + 16 |
| Adellethea Issel | 2021016 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Werner Booyens | 2021057 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Elza Geldenhuys | 2021086 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Reline du Toit | 2021011 | R 30 | 51 | 15 + 20 + 16 |
| Elisma Maree | 2021030 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| Dale Adams | 2021047 | R 30 | 106 | 15 + 20 + 21 + 16 + 18 + 16 |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 330** | **1089** | |

**NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:**

**ITEMS GEBRUIK:**

## NAME OP WAGLYS

| | |
|---|---|
| | |
| | |

**VERSLAG DEUR:** Amanda Matthee